Jaargang XXXVI Nommer 22 16 Oktober 1981

# die WAPAD

IN U LIG SIEN ONS DIE LIG

ASPU


AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE PU vir CHO

Bussie 13, Studentesentrum/Bussie 502, Administrasie
Tel 25481, 4267/8, 22112 x 570/1

LAASTE UITGAWE

# Sterkte!

Die Wapad wens al die Pukke sukses toe met die eindeksamen.



**PUKKE!**
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
**Johan Claassen Broers**

Jaargang XXXVI Nommer 22 16 Oktober 1981

# die WAPAD

IN U LIG SIEN ONS DIE LIG

ASPU

AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE PU vir CHO

Bussie 13, Studentesentrum/Bussie 502, Administrasie
Tel 25481, 4267/8, 22112 x 570/1

LAASTE UITGAWE

**CACHET APTEEK**
U Plus Apteek
**TOMSTRAAT 92**
**Tel. 4201**
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken.

# Lente is vreugdevol gevier



*• 'n Kenmerk van die afgelope Lentefees was pragtige inisiatief. Ook skoonheid het nie uitgebly nie . . . (Foto: Frik Schoeman).*

**Die Puk se lentefees wat die afgelope paar jaar bekend gestaan het as 'n saai vermaaklikheid op die Puk-kalender het vanjaar een en almal verras toe die fees op feestelike wyse aangebied is. Die weldeurdagte en goedgeorganiseerde fees het aan alle studente iets gebied om te doen.**

**— Betsie Kilian —**

Christo Swanepoel (SSR-lid vir Ontspanning en Intervarsity) en Irma Jansen van Rensenburg (SSR-lid vir Grondwette, Verkiesings en Ontspanning) het die Lentefees op 7 Oktober aangebied. Die fees het anders as vorige feeste voldoen aan die vermaaklikheidsbehoeftes van die studente. Die organiseerders ontvang van oral gunstige kommentaar. Oom Piet Fotokuns sê ook dat hy die fees hierdie jaar baie geniet het omdat dit heeltemal anders as vroeër aangebied is.

Die dag het rokerig begin met die braaivleiskompetisie. Mans- en dameskoshuise is saamgegroepeer vir die kompetisies. Die meisies met huishoudkundige aanleg het tafels gedek, wat van noukeurige beplanning en smaakvolheid getuig het. Daarop was alles wat nodig is vir 'n heerlike braaivleis-ete vanaf eetgerei tot vrugte-sosaties. Die vleis is gedokter met marinades en souse. Oppikant en Klawerhof se harde werk is beloon met 'n eerste prys.

Met die kaaseetkompetisie het 'n man en dame uit die gegroepeerde koshuise saam aan 'n blok kaas geëet. Die twee wat eerste klaar "gewurg" het, het gewen. Amajuba en Vergeet-my-nie se verteenwoordigers, Petrus van der Walt en Karin Hoogenboezem wou die jaar se skade as gevolg van die hoë kaaspryse inhaal. Hulle was eerste en Villagers saam met Wag-'n-Bietjie tweede.

Pannekoeke is knap in die lug gegooi en omgedraai, met vulsels versier en in interessante vorms opgedien. Vergeet-my-nie het "wasgoedbondeltjies" opgedien en tussendeur die kompetisie was daar nog 'n soektog na 'n eksotiese naam daarvoor. Indrukwekkende naam of nie, die smaak het die deurslag gegee, en hulle het gewen.

Die toutrek-kompetisie is gekenmerk deur bultende spiere en gesigtrekkende mans, sodat die toeskouers wat op die gras uitgespan het, hulle kon verlustig in die kreune en steune. Die ondersteuners het hul koshuise aangepor en Amajuba het gewen.

Die Lentenooi is deur 'n komitee ondervra en op grond van persoonlikheid verkies. Elke koshuis het een meisie genomineer en Elize Leaning (Kulu) is gekies. Sy is 'n eerstejaar B. Juris-student uit Zimbabwe.

Volgens Christo het sy nie net persoonlikheid nie, maar is hierdie lentenooi nog mooi ook, al het die voorkoms nie 'n rol gespeel nie. Die keuse was moeilik, want die komitee was baie in hulle skik met die meisies.

Die dameskoshuise het verskillende tydperke voorgestel en omdat hulle al vroeg-vroeg te siene was, was die dag 'n fees vir die oog. Vanaf die ou Kaapse drag tot 'n toneeltjie uit "Grease" met "Pink Ladies" en musiek, was die voorstellings uiters realisties. Veral die haakspelde in die Punk-meisies se wange was baie geloofwaardig, en het vir kyke vol afgryse gesorg. Vergeet-my-nie (Kaapse tyd) is as wenners aangewys, met Dinki (Great Gatsby) tweede.

Die motorfietswedren wat op die grondpad plaasgevind het, is gewen deur A J Cronje van Caput. Hy het van die begin af voorgejaag. Leon Kremer het in die eerste rondte geval en daardeur tyd verloor.

Paddas van die uithoeke van Potchefstroom is versamel vir die paddaspringkompetisie. Volgens Caput-manne het hul padda, Cecil, haar oorwinning te danke aan haar natuurlike talent wat sy in die kanale waar sy gevang is, ontwikkel het. Sy het met die louere weggespring met 'n wenafstand van 2,44 m. Vicky, Oppikant se padda het ten spyte van geesdriftige toeskouers verseg om tydens die kompetisie te spring!

Met die armdruk-kompetisie het die toeskouers gewonder of die afstand wat Klooster daagliks aflê klas toe, iets te doen het met die wen van die kompetisie. In Klooster is 'n man wat 'n mens definitief nie met die hand gaan gelukwens nie.

Die indrukwekkendste baard op die kampus — volgens die beoordelaars — behoort aan G G du Toit (Klooster). Sy baard is die resultaat van vyf jaar se vertroeteling. Tweede was Snyman Cronjé (Overs).

Karlien se plakkaat het die dames-afdeling gewen, en Caput se plakkaat was eerste met die mans se kompetisie. In die gesamentlike kompetisie was Caput vierde. Fanus Bezuidenhout het 'n Lenteskild ontwerp en op kiaathout uitgegraveer. Die skild wat 'n wisseltrofee gaan word, is aan Amajuba en Vergeet-my-nie, wat die algehele wenners is, oorhandig. Die dag is afgesluit met 'n massabraai.

# B.Sc-dames het sterk enkels

**— Erika van Zyl —**

'n Beskuldiging wat deur party van die Pukmanne teen die Pukdames ingebring word, is dat die Pukdames doof is en swak enkels het. As die manne egter gaan kyk hoe die dames wat B.Sc swot behoorlik oor die pyp wat die dameskoshuise met die res van die kampus verbind "draf", sal hulle verplig wees om hierdie stelling terug te trek!

Dit is veral die dametjies van Wanda en Kasteel wat verplig is om hierdie "pyp-na-kampusroete" te gebruik. Hulle is dit almal eens dat dit aan die begin maar moeilik gaan, so met die hoëhakskoene en hande vol boeke, maar so teen die einde van jou eerstejaar gaan dit al heelwat beter en vinniger.

'n Paar van die moeilikhede waarmee die dames te kampe het, is byvoorbeeld wanneer dit reën en die pyp baie glad is. Die kanse dat 'n mens kan afval is glad nie uitgesluit nie. Anderkant uitgekom vind jy natuurlik 'n groot modderbad, wat mens skaars met bergklimskoene kan trotseer. Wat nog van hoëhakskoene? By tye is daar nog 'n trein of twee op die spoorlyn en moet die dames maar die roete van die pyp onderdeur die spoorlyn volg. Die miniatuur- "duikweggie" is nie baie gerieflik nie, en dan natuurlik om te pas by die dames se studierigting, is dit versier met digte plantegroei.

# Ambassade-personeel besoek Puk

**— Chris van der Walt —**

**Lede van die Amerikaanse ambassade het verlede week 'n welwillendheidsbesoek aan die Puk gebring. Die lede was Mej Jodie Levinsohn, die openbare skakelbeampte van die Amerikaanse ambassade, mnr Frank Strovas, direkteur van die Kultuursentrum van Amerika, mnr Mike O'Brien op besoek uit Amerika, en Dr Randall Speares, assistent-direkteur van die Afrikaanse Kultuursentrum vir Amerika in Johannesburg.**

Tydens die gesprek wat hulle met die SSR gevoer het, het hulle onder meer uitgevra oor hoe die SSR met die studentemassa skakel sover dit politiek betref. Frikkie van Niekerk het hierop geantwoord dat dit deur die Politiese Raad geskied. Frikkie het ook gesê die SSR huldig geen amptelik politiese standpunt nie. Jan-Louis du Plooy het bygevoeg dat die SSR slegs riglyne verskaf deur objektiewe bespreking en geen politieke party in die besonder steun nie. Hy het ook verder gesê die Studenteleiers is oorwegend links terwyl die massa meer na die regse kant neig. Dit is bewys daarvan dat die leier nie volgens politieke standpunt gekies word nie, maar volgens persoon.

Daar is ook gesê dat verskeie politieke figure na die kampus gebring is en dat daar ook beplan word om nog te nooi. So word in die vooruitsig gestel om vir Adv John Vorster, mnr Jaap Marais en Dr A P Treurnicht na die Puk te bring. Min Louis le Grange besoek die Puk op 15 Oktober.

## Nuuswenke

**Algemene nuus:**
Trudie Scholtz Vergeet-my-nie, Tel. 5211.

**Koshuis/sosiaal:**
Betsie Kilian Wag-'n-Bietjie, Tel. 4277.

**Sport:**
Herman de Villiers,, Tel. 3729

**Kuns:**
Marietjie Potgieter, Tel 6668.

**Fotografie:**
Lynn Pretorius. Tel. 4277

**Saktyd**
**Maandag 16h00.**

# Tuks sê Lens fokus nie

**Onder die opskrif 'LENS fokus nie' in Die Perdeby van 25 September 1981, skryf die resensent dat dit moeilik is om elke digter te beoordeel omdat daar 37 bydraes en agtien bydraers is. Hy wil hom ook aanmatig deur te sê LENS '81 is nie goed nie.**

Nadat hy dit vyf keer deurgegaan het kon hy 'geen holte vir sy voet kry nie' en het afgelei dat daar nie veel in 'LENS' gebeur nie.

Hy klassifiseer die foute onder die volgende hoofde: (i) Tipografiese toertjies wat aanleiding gee tot (ii) 'n happerige, stomp (sinnige) effek. (iii) 'n Gebrek aan inhoud. Wat wil die digter sê? Het hulle iets om te sê? Hy verwag nie filosofiese konstruksies nie, maar hy wil graag die indruk kry dat hy met iemand in gesprek is en nie heeltyd luister na die apatiese mymeringe van 'n kranksinnige nie! (iv) Formele struktuur is nog 'n seldsame ding in 'LENS'. Hy sê daar is wel iets soos vrye vers, maar daar is ook vaste versvorme wat hul eie beloning bied as 'n digter bereid is om hom daaraan te onderwerp. (v) Die gedigte skep in die algemeen die indruk dat hulle probeerslae is. Hulle is preliminêre sketse, soos die pogings van iemand wat leer trompie speel. Maar, sê hy, trompies is lank nog nie ghitare, harpe of viole nie. (vi) Hy noem dit 'n eienaardige manier om 'n gedig-per-bladsy te druk. Hy sê 'kostes' dwing uitgewers dikwels om 'n minimum aantal bladsye te hê, maar was daar dan nie genoeg stof om elke bladsy vol te maak nie? Die papier was daar. Wat verhinder die digters om dit ten volle te benut?

Hy vra waarom elke digter se werk tussen die ander versprei is. Hy antwoord self daarop dat dit dalk die leser tot groter objektiwiteit kan help.

Hy sê indien daar werklik 'n indiwidu of twee onder dié digters is, sal so 'n verspreiding hulle nie onderkry nie. Die leser van 'LENS' word ongelukkig bewus van 'n groot eenselwigheid.

Die probleem is, volgens die resensent, dat indiwidualiteit belangrik is, maar dat mens nie 'n indiwidu word deur daarna te streef nie. Al wat hy word is eksentriek of, nog erger, onuithoudbaar.

## *Geen kommentaar*




## Studentebehoeftes uiteenlopend

**Puk-studente het 'n verskeidenheid behoeftes wat hulle graag op die kampus verwerklik wou sien. Die Wapad het 'n paar daarvan van nader bekyk.**

Die behoefte na 'n poskantoor op die kampus is groot. Die meeste studente voel dat 'n seëlmasjien en posbussie die noodsaaklikste is.

Daar is ook 'n behoefte aan 'n bloemiste. Dit word veral deur die manstudente aangevra. Daar moet vars blomme wees en 'n verskeidenheid om van te kies.

Verder is daar gevra dat daar vars vrugte te koop aangebied moet word in die kafeteria, want op die oomblik is daar nie veel om van te kies nie. Joghurt word ook deur groot getalle aangevra.

Sommige studente voel dat 'n boekwinkel op die kampus opgerig moet word. Daar moet alle nodige handboeke, die noodsaaklikste skryfbehoeftes en ook 'n verskeidenheid van tydskrifte verkoop word.



● *Danie Boshoff (Klooster) was in 'n ongeluk op Potchefstroom Dam-gronde. Hy het in 'n boom vasgery en is daarna in Klerksdorp Hospitaal opgeneem maar is reeds terug by die huis.*

## Suca hou konferensie

Suca (Student Union for Christian Action) hou van 23 November tot 29 November 'n konferensie aan die Natalse suidkus. Die tema van die konferensie is "verhoudinge in Suid-Afrika".

Die onderwerpe wat bespreek sal word, is: Onderwys in Suid-Afrika, Bybelse grondslae vir sosiale aksie, Afrikanerisme, nasionalisme, kapitalisme en marxisme, Metodes van reformasie en die gevolge daarvan.

# Besembos eersdaags hier

**Binne drie weke sal die Puk se prestige studenteblad — Die Besembos vrygestel word.**

Vanjaar se tema is 'n vergelyking tussen studentelewe en die lewensfases van 'n mens. Die afgelope jaar se hoogtepunte word saamgevat, asook die verenigings, sportliggame en koshuise is verteenwoordig. Wat akademie betref word die interessante hoekies in die studeerkamer humoristies uitgebeeld.

Kenmerkend van vanjaar se Besembos is die hoë gehalte fotografie wat daarin voorkom. Professionele aksie-foto's en ander interessante foto's kom voor. Die foto's dek ook die "gewone" studentelewe. Dosente, wat onverhoeds betrap is, het ook deurgeloop. Daar is ook meer kleurfoto's in as tevore.

Die Besembos is op goeie gehalte papier gedruk en die hardeband buiteblad beskerm die Besembos. Die ontwerp op die buiteblad beloof om baie interessant te wees.

Verlede jaar se SSR-Voorsitter, Jan-Louis du Plooy, is die redakteur van die Besembos. Dit is die eerste jaar wat Jan-Louis redakteur is en hy het die Besembos baie uitgebrei.

Studente kan die kennisgewingborde dophou vir die presiese datum van vrystelling. Die Besembos is te koop by die inligtingshokkie of by die Checkerssentrum. Bestellings kan ook by HK-lede geplaas word vanaf 20 Oktober.

Die prys van die Besembos is R5. Dit dek net die onkostes, aangesien die Besembos nie ingestel is om wins te maak nie.

Die Besembos is 'n moet vir veral finalejaar-studente en volgens Jan-Louis 'n pragtige aandenking van studentelewe.

## *Versoeke vir die kombinering van Feesdae*

**'n Paul Kruger-gedenkwedloop, as deel van 'n gesamentlike Lentedag en Krugerfees, is een van die opwindende moontlikhede op die program van studente-aktiwiteite vir 1982, het prof Piet van der Schyff, dosent in Geskiedenis, verlede Woensdagaand tydens die Pukke se Lentefeesvieringe op die Fanie du Toitsportterrein gesê.**

Prof Van der Schyff, wat die wenplakkate in die koshuiskompetisie aangekondig het, het gesê juis die suksesvolle kombinering van die plakkaatkompetisie, wat op beroemde slagspreuke van historiese figure gebaseer was, gepaard met die joviale Lentedagvieringe het die weg gebaan vir 'n groot Kruger-cum-Lentedagfees aanstaande jaar.


"Daar word heeltemal te min gemaak van die feestelike aspekte van ons volksfeeste, en sport en ontspanning behoort tot 'n baie groter mate met kultuuraksies geïntegreer te word. In hierdie verband kan ons geen beter voorbeeld kry as die jaarlikse Van der Stel-fees in Stellenbosch nie, waartydens die verjaarsdag van Simon van der Stel op 12 Oktober herdenk word".

Hoewel Krugerdag op Paul Kruger se verjaarsdag val, is die basiese gedagte tog om eer te bring aan groot manne en vroue uit die verlede. Hierdie breë basis bied dus voldoende geleentheid om nuwe temas rondom nuwe heldefigure te ontgin, hoewel die instelling van die Paul Kruger-gedenkwedloop iets permanents behoort te word. Hy het genoeg vertroue in die vindingrykheid van ons studente in studenteleiers dat hulle jaarliks 'n suksesvolle en aangrypende program kan daarstel, waaraan die studente as massa sal kan deelneem, het prof Van der Schyff gesê.

**Bult Droogskoonmakers**
(Uitsig Arkade verby Volkskas)
Toon afslagkaart en ontvang afslag

CHECKERSSENTRUM, TEL. 24691
Debbies
Bring u die Ooste
ONS SPESIALISEER IN:
● Materiale
● Patrone
● Kramery
● Randpatrone

The Blue Store
Shop no 56 P.O. Box 285
Pietersen Street Potchefstroom, 2520
Indian Shopping Centre Tel. 6364 / 21861
LEADER IN Fashion
Special offers for the week:
Lee Denim Jeans .................. R11,95
Hang Ten sandals — 6 colours .......... R5,50
Smith & Wesson Shirts in check Short sleeve with studs ............ Now R7,95
Karl Braun Pure new Wool suits 3 Piece....... Now R89.95
Karl Braun Sports Jackets ............ Now R59,95
Wrangler T-shirts ....... R5,95



● 'n Argiteksvoorstelling van die nuwe medialaboratorium.

# Sondagetes by S/Sentrum sal nie werk nie

**Mnr Dirk Coetzee van Koshuisadministrasie meen dat Sondagetes by die Studentesentrum "So uit soos kruisbande" is. Behalwe dat dit prakties onmoontlik is, is daar nog talle ander probleme, soos wie die kos moet voorberei, die koshuispersoneel of die personeel onder mnr Valentine, die hoofspysenier van die Studentesentrum, en die ekstra uitgawes.**

Volgens mnr. Coetzee het die gedagte moontlik ontstaan na aanleiding van die stelsel wat hulle twee jaar gelede gevolg het om kos op bestelling aan studente en ander mense te verskaf, wat dan die effek van 'n "Sondaguiteet" gehad het. Volgens mnr. Valentine sal die stelsel nie weer ingevoer word nie, omdat sy personeel 'n sesdagweek werk en Sondae is die enigste dag wat hulle by die huis kan deurbring. Sy personeel is ook nie genoeg om kos vir 2500 studente voor te berei nie.

**Moeilik bepaalbaar**

Ook die stelsel dat studente kan kies waar hulle wil eet, by die eetsale of by die SS, sal nie werk nie. Daar sal nie bepaal kan word hoeveel studente waar gaan eet nie, en dus nie hoeveel kos voorberei moet word nie. Indien die koshuispersoneel kos voorberei in die SS, sal mnr. Valentine self teenwoordig moet wees om toesig te hou, waar hy dus self ook 'n ekstra dag moet werk en hy ook nie die personeel ken nie. Dit skep ook verdere administratiewe probleme, by voorbeeld wie die skoonmaakkoste sal moet betaal. (Dit kos byvoorbeeld R600 om die mat in die restaurant te laat skoonmaak). Hoewel die SS sedert September onder koshuisadministrasie resorteer, is hy nog 'n afdeling op sy eie en hy moet byvoorbeeld gebreekte eetgerei vervang.

**Spyskaart**

Daar sal ook nie 'n spesifieke spyskaart voorgesit kan word nie, want al die koshuise eet nie altyd dieselfde kos nie, en die spyskaart in sy geheel word reeds 'n jaar voor die tyd beplan, sodat dit nie gewysig sal word nie.

Volgens mnr. Coetzee is studente se klagtes dat Sondagetes in die koshuise nie aan die vereistes voldoen nie, ongegrond en koshuis-administrasie probeer sy bes om die kos so smaaklik moontlik voor te sit. Hy sê wat fasiliteite betref kan min ander universiteite by die Puk kers vashou, en daar is selfs nuwe apparaat vir die Dampad-koshuise aangekoop waarin die borde warm gehou word om te verseker dat die kos langer warm bly. Byna elke koshuis het nou ook 'n manlike hoofspysenier wat help met die voorbereiding.

Van die koshuisgelde gaan 43 persent aan voedsel, wat uitwerk op R1,61 per dag per student en besonder billik is. By die ander stelsel wat beoog word, naamlik die kaartjiestelsel waar die studente net betaal vir die hoeveelheid wat hy eet, sal hy meer moet opdok. Dit beteken dat die student homself eintlik benadeel indien hy Sondae by die SS sal gaan eet.

# Montium toer na Wildekus

**Montium bied tydens die Desembervakansie 'n toer na die Wilde Kus aan.**

**Dis 'n skilderagtige mooi gebied en nog baie ongerep. Die vyfdagstaptoer strek van Mazeppa-baai noordwaarts tot by Port St Johns. Die roete is meestal langs die strand — daar sal dus genoeg swem en oorsteek van riviere wees.**

**Montium vertrek op Vrydag 27 November en sal op Saterdag 5 Desember terug wees.**

**Die toervergadering is op Woensdag 21 Oktober om 19h00 by die klublokaal in die SS.**

**Bolktydtoer**

Montium beplan 'n "rustige" bloktydtoer, vanaf 24 tot 26 Oktober.

Hulle vertrek Saterdag, 24 Oktober om 08h00 vanaf die Montiumstoor. Vir die wat nie weet nie, die "stoor" is onder die amfi, omtrent regoor die kafeteria se deure.

Vir Saterdag word 'n braaivleis by Kareekloof beplan, in plaas van die toerreünie, wat nie in die eksamen kon plaasvind nie. Sondag word daar vanaf Diepkloop gestap. Die roete is in die Suikerbosrandnatuurreservaat en daar sal volop geleentheid wees om na die wild te kyk. Die roete is nie vermoeiend nie!

Die koste van die toer is R21 vir lede en R23 vir nie-lede. 'n Nie-verhaalbare deposito van R5 is betaalbaar vanaf Donderdagoggend by die skietlys tot Vrydagmiddag 14h00. Toergelde en depositos kan in bussie 56 geplaas word. Die finale vergadering word op Maandag, 19 Oktober gehou en almal moet daar wees.

TEL: 21936
11 OWENS LANE
POTCHEFSTROOM
Boutique
DIENS IS ONS TROTS
DRY CLEANERS
DROOGSKOONMAKERS
Eien. Elmine Brits

EV'S PLACE
"Gee en ontvang van geskenke sal nooit weer dieselfde wees nie"
Kerkstraat 205 (Langs Barclays Bank)
Dié geskenkwinkel in Potch. Studente baie welkom!

# Kommunikasiekunde kry 'n eie medialaboratorium

**'n Medialaboratorium van meer as R200 000 gaan vir die Departement Kommunikasiekunde aan die Puk opgerig word, sê dr. Johan de Jager, hoof van die Kommunikasiedepartement 'n Oud-student en -dosent het die eerste R25 000 van dié bedrag, wat grootliks deur die Departement self ingewin moet word, geskenk.**

**Fases**

In die eerste fase moet die gebou vir joernalistieke, skakelkundige en reklamekundige opleiding opgerig word. In die tweede fase sal die televisieateljee gebou word en in die derde fase sal die meeste van die gesofistikeerde toerusting aangekoop word.

Die eerste fase sal bestaan vir twee "koerantkantore", 'n advertensieateljee, 'n ouditorium, 'n fotografiese donkerkamer en 'n leeskamer. Daar sal ook kantore vir die personeel wees en 'n ontvangskamer vir besoekers en studente.

Volgens dr De Jager is die departement die oudste van sy soort in Suid-Afrika. Die departement is in 1960 deur prof G J Pienaar begin. Van die begin af het praktiese opleiding 'n rol in die kursus gespeel. Die nagebootste praktiese opleiding is opgevolg met besoeke aan kommunikasie-instellings in Pretoria en Johannesburg.

Sedert 1973, toe brandstofpryse skerp begin styg het, het dié besoeke duurder en minder geword. Ander departemente in Kommunikasiekunde in die land is nie net in die groot stede gesetel nie, maar het ook reeds geriewe en toerusting om hul studente mee op te lei.

"Die medialaboratorium het dus noodsaaklik geword", het dr De Jager gesê.

**Kombinering**

Kommunikasiekunde kombineer goed met die meeste vakke in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte — daar word nou selfs gewerk aan die samestelling van 'n graad B Comm (Komm). Die departement het ondanks die tekort aan toerusting talle knap kommunikasiekundiges gelewer.

Die laboratorium sal ook samewerking met departemente soos Beeldende Kunste — vir reklame-opleiding -Dramakunde en die afdeling Openbare Betrekkinge moontlik maak. 'n Roosterverandering is reeds gedoen om sinvolle kombinasie van Kommunikasiekunde en Dramakunde, Spraak-, Vertolkings- en Toneelkunde moontlik te maak.

**Noodsaaklikheid**

Die Puk se direkteur van Fondswerwing, mnr Chris Windell, sal die Departement Kommunikasiekunde met sy geldinsameling adviseer. Mnr Schalk Hoogenboezem, oud-student en -dosent van die departement, lei die veldtog.

Mnr Hoogenboezem is baie bekend in Suid-Afrika se plaaslike perskringe en is nou mede-besturende direkteur van Nasionale Streekskoerante.

Nadat 'n komitee van ondersoek bevind het dat die laboratorium noodsaaklik is, het die Bestuurskomitee die bevinding bekragtig. Die viserektor van Finansies en Bedryf, prof N J Swart, het toestemming gegee dat die bouwerk kan begin sodra die Departement Kommunikasiekunde die geld vir die eerste fase ingesamel het.

# KRUMMELS in my BED

**— Zelda Nel —**

**'n Meer senior burger onderbreek my gesprek nou die dag wreed om te verneem waarna die woord "bloktyd" verwys. My eerste gedagte was dat daar tog liefs jaarliks 'n handboek met studenteterme en -taal op die mark moet verskyn sodat ouer garde soos oom Serfaas op die hoogte van sake kan bly. Toe ek egter begin rondsoek na 'n definisie vir die begrip, het ek my rieme styfgeloop.**

Wat is Bloktyd dan eintlik? Dit is 'n onomseilbare feit dat dit verskillende goed vir verskillende mense beteken.

Vir 'n minderheidsgroepie beteken bloktyd 'n tyd waarin goue sekels geslyp word om punte mee in te oes. Dis 'n lesinglose tyd waarin die dae oorvol is met self-opgelegde akademie. Dit is 'n week of wat waarin swaar lêers met groot ywer Biblioteek toe gedra word agtuur soggens en teruggedra word elfuur saans. Die finale afronding word gedoen aan die verstand wat getrou blinkgevryf is regdeur die jaar. Dit is soos daardie laaste uithaler-rondte van 'n goeie marathonatleet.

**Sonbaai**

Hierteenoor staan 'n groepie met 'n baie meer gemoedelike uitkyk op die werklikheid. Reg deur die jaar word daar al planne beraam vir bloktyd en 'n paar dae van die termyn word afgeknyp sodat die exodus na Durban darem die moeite loon. Miskien waag 'n paar dit om 'n handboek of twee tussen die sonbrille, sonbrandolie en Konsalik in te gooi, waarna alles in die vermoë gedoen word om daarvan te vergeet.

**Voornemens**

'n Derde groep staan bekend as die "Nou-of-nooit"-groep. 'n Mens ken hulle gewoonlik uit as die bleek gestaltes wat om die fotostaatmasjiene in die biblioteek koek met aantekeninge in alle handskrifte, uit alle oorde, krampagtig in hul bewende hande vasgeklem. Hulle skud hul knapsakke met vyfsente ongeduldig en grynslag vir mekaar terwyl hulle die swetende voorhowe afvee. Hulle trippel ongeduldig rond soos skouperde en vertoon op hul beste wanneer een van die masjiene na gewoonte buite werking raak.

Groep vier roem met 'n redelike groot ledetal, en word gewoon die "Intendi" genoem. Hulle het 'n indrukwekkende lys met voornemens wat gewoonlik in die stof byt soos wat bloktyd sy verloop neem. Hulle stel mens-onmoontlike werksroosters met strawwe ure op en plak dit voor hul lessenaars vas. Hulle maak vasgestelde tye vir koffie-breuke en spandeer al hul sakgeld op vitamienpille en energiestroop. Hierin ontwikkel hulle gou 'n weersin en wend hulle na die snoepwinkel en televisie.

Dan — tragies, dog waar — is daar die groepie wat in stilligheid ly. Hulle weet lank reeds dat enige poging van hul kant af om die gewenste vrugte af te werp, net nie sal slaag nie, maar skuil nog braaf agter hul fasades. Hul tragedie word eers bekend wanneer hulle die daaropvolgende jaar nie meer op Puk-bodem is nie.

Dus, oom Serfaas — ek dink ek het nou uitsluitsel gekry. Bloktyd is,. . . wel, presies wat jy daarvan maak. Dis soos 'n reënerige seevakansie.


# Grommel Trommel word nie ten volle benut

**"As julle wil kla, hoekom kla julle dan nie. Hier is die regte plek om dit te doen", sê Peet Vermeulen, SSR-lid vir Opleiding.**

René Reynecke, SSR lid vir Studentediens en Weerbaarheid, sê die grommeltrommel is ingestel vir die studente. Om hierdie rede kan enige klagte of aanbeveling van hul kant af daarin geplaas word om onder sy aandag te kom. Vandaar word dit dan weer verder verwys. Verder sê hy dit is baie belangrik dat die persoon sy naam byvoeg. Die persoon kan dan gekontak word en so sal hy uitvind watter stappe geneem is.

Hy sê advertensies vir die advertensiebord by die Studentesentrum kan ook in die grommeltrommel geplaas word om aandag te geniet.

Francois Viljoen, SSR lid vir 1982, sê dit is die Pukke se voorreg om so iets te hê. Hy sê die grommeltrommel kan 'n belangrike skakelrol tussen die studente en die SSR vervul as meer mense dit beter gebruik.




● *Prof. Piet van der Schyff – die beoordeelaar van Lentefees se plakkaatkompetisie – sit met Dinki se wenplakkaat in die kategorie "komiese" voorstellings. Van links na regs: Wag-'n-Bietjie (tweede) Karlien (eerste) en Heide (derde) Voor is Caput se plakkaat wat vierde geplaas is.*

## Korpskamp

**Korps bied die naweek van 16 tot 18 Oktober 'n kamp aan op die Nebo-kampterrein.**

Die doel van die kamp is 'n kenmekaar en besinning oor die ontstaan en pad wat Korps geloop het tot 1981.

Daar sal veral aandag gegee word aan die implementering van struktuurveranderings tydens 1980 en 1981 en die afbakening van die verskillende onderliggame se werksterreine.

Sprekers sal praat oor die ontstaan van Korps asook verskeie hoogtepunte tydens Korps se bestaan soos die halfeeufeesviefinge en die ontstaan van die onderliggame.

# Puk eerste met Landboukommunikasie

**Landboukommunikasie kasie word vanaf 1982 deur die Departement Kommunikasiekunde van die Puk aangebied. Die Landbouskrywersvereniging van Suid-Afrika en dié departement het die studierigting onlangs gefinaliseer en bekend gestel. Twee studiebeurse van R1 200 elk is reeds vir dié studierigting — die eerste in Suid-Afrika — ingestel.**

Die Landbouskrywersvereniging tree as beskermhere op vir die kursus wat binne die bestaande nagraadse Universiteitsdiploma in Kommunikasiekunde (UDK) sal bestaan. Voornemende studente met die grade B Comm, B Sc en B Sc (Agric) sal in die bestaande vraestelle van dié diploma in landboujoernalistiek, -skakelwerk en -reklame kan spesialiseer.

In plaas daarvan om misdaadberigte te leer skryf, sal hulle landbouberigte skryf en in plaas van seeppoeieradvertensies opstel sal hulle landbouadvertensies opstel, het 'n woordvoerder van die departement gesê.

Sedert die instelling van die UDK het dit geblyk dat die studente se hoofvakke hul benadering tot die Kommunikasiekunde inkleur. Vanjaar het 'n student met 'n BA BK-graad byvoorbeeld die verpakking van die produk wat die groep moes "bemark" ontwerp. Voornemende studente se Landbou-ekonomie, Plantkunde, Mikrobiologie of Dierkunde sal dus maklik lei tot spesialisasie in landboukommunikasie.

### Beskermhere

As beskermhere het die Landbouskrywersvereniging reeds onderwerpe vir die nuwe rigting bygedra en salaris- en werksmoontlikhede vir afgestudeerde studente ondersoek. Die vereniging sal 'n wakende oog hou oor die omvang, inhoud en vordering van die kursus en lede sal gereeld lesings aanbied.

Met die hulp van die vereniging is twee beurse van R1 200 elk, geskenk deur die uitgewersgroep, Interad, en die chemiese reus, Sentrachem.

### Bekendstelling

Die kursus sal in Januarie aanstaande jaar deur die vereniging en die departement tydens 'n nasionale simposium oor die stand van landboukommunikasie in Suid-Afrika van stapel gestuur word. Dié simposium sal deel uitmaak van die Puk se jaarlikse Somerskool.

Volgens die woordvoerder van die Departement Kommunikasiekunde het verskeie landbouinstellings die departement sedert Januarie vanjaar genader oor die opleiding van landboujoernaliste. Die moontlikheid om binne die bestaande nagraadse diploma te spesialiseer is aan dié instellings voorgehou en aanvaarbaar gevind.

### Navrae

Die studente sal ook opgelei word in radio- en beeldradiowerk, fotografie, tipografie, bladuitleg, voorligting en wetgewing soos van toepassing op die landbou.

Voornemende studente kan met dr Johann de Jager of mnr Adri Juyn by die Departement Kommunikasiekunde van die Puk skakel — by telefoonnommer 2-2112 x 254 — of met mnr Jorrie Jordaan, voorsitter van die Landbouskrywersvereniging, by die Transvaalse kantoor van Landbouweekblad, Forumgebou, Pretoria. Beursnavrae en -aansoeke kan ook nou gedoen word.

# Puk bied sy tweede Somerskool aan

**Die Buro vir Voortgesette Onderwys bied van 1 tot 22 Januarie 1982 'n Somerskool aan.**

Baie nuttige kursusse en byeenkomste vir oud en jonk word aangebied. Daar is 'n verskeidenheid op die gebied van die kuns en kultuur, ontspanning, sport en vermaaklikheid. Die losiesgeld is R15 per dag en die sluitingsdatum vir inskrywings is 27 November 1981.

'n Paar van die kursusse wat aangebied word is: Leesverbetering, 'n opknappingskursus in Wiskunde en oorgang van skool na universiteit en Psigiese Verpleegkunde.

Die Huishoudkunde-departement bied sewe kursusse aan, waar onder: Omskep 'n huis in 'n tuiste, kuns en kleur in die huis, kleremakery- die eerste beginsels., basiese weeftegnieke, weefontwerpe op getoue en patroonontwerp.

Ander departemente wat ook kursusse aanbied is Kommunikasiekunde, Rekenaarswetenskap, Biochemie, Bybelkunde, Teologie, Duits en Bantoetale.

Meer besonderhede en inskrywingsvorms kan by mnr. H.M. Robinsion of mej. P.A. van Eeden in Kamer 231 in die Administrasiegebou verkry word.

**Jay's Uitrusters**

Nuwe voorrade (pas ontvang)

*Hang Ten*
*Tractor Stewels*
*Denims*
*Koordferweel*

Beste pryse in die dorp!
Winkel 4, Indiërsentrum, Tel: 8791

# *Hombré hou koshuisdag*

**Op 5 en 6 Oktober het Hombré hul koshuisdag gehou.**

Die hoofitem was 'n sportmankompetisie. Die Hombré-sportman van die jaar is Pieter Kukkuk met Gerrie Willers in die tweede plek.

Daar was ook sewe-manrugby tussen gang drie en gang sewe. Gang sewe het as oorwinnaars uit die stryd getree.

Die verrigtinge is Dinsdagaand met 'n braaivleis afgesluit. By dié geleentheid is daar ook vinnig 'n koshuisvergadering gehou. Al die Hombré-manne is dit eens dat elke koshuisvergadering gerus op dié wyse kan plaasvind.

Ná die sportmankompetisie het die week op 'n hoogtepunt geëindig met die dinee wat Vrydagaand plaasgevind het. Nieteenstaande die onplesierige weer was dit 'n groot sukses en almal het dit baie geniet.

# *Stukja kies bestuur*

**Stukja het op 14 September hul nuwe komitee vir 1982 gekies. Die terme 'dagbestuur' en 'bestuur' word vervang met 'spoedkomitee' en 'komitee'.**

Antonie Welman (Caput) dien as voorsitter van die spoedkomitee, Maans van Zijl (Dwarsstraat 23) as onder-voorsitter. Elsabe Claassens (Karlien) is ondervoorsitster en Rina Greyling (Heide) sekretarese.

Die ander lede van die komitee is Louis Campher (Jeugwerk en Evangelisasie), Peter Jones (Kultuur en Ontspanning) Lourens Klopper (Barmhartigheid) Jannie Kleynhans (Sending), Johan de Clerck (Kampe), Herman Smit (Vervoer), Anel Wilson (Literatuur), Marietjie Brink (Skakeling), Minnie le Roux (Finansies) en Carolina Pienaar (Sang.).


WESVAAL DIAMANTE

*Verskaffers van juweliersware direk aan die studente teen vervaardigerspryse*

Vervaardig volgens u eie ontwerp indien u so verlang.
Gratis waardasies met elke artikel.
Reparasies en veranderings aan juweliersware.

Ons koop u ou juweliersware.

Frans en Elna Muller
UITSIGARKADE
Verby Volkskas Bank
Tomstraat die Bult
(Langs Bult Droogskoonmakers)
TEL.: 5574



● *Ja juffrou, beoordeel maar deeglik want ek het land aan hierdie baard gekweek. (Foto, Johan Victor)*




● *Ai, die spandabelrigheid met die bottel haarolie en verfkwas gaan my begroting 'n knou gee.*

# Lentedag '81



● *Ek staar maar met glasige oë na niks – net omdat my oë gaan toebly (met alles daarop) as ek hulle gaan knip! (Foto: Frik Schoeman)*



● *Asseblief tog my ou paddatjie, net een sprong dan vat ek jou terug vlei toe. (Foto, Johan Victor)*



● *Hulle praat nou nie Kaaps-Hollands nie, maar vanaf die statige houding tot die waaiertjies is dit 'n anderse milieu.*

*(Foto: Johan Victor)*



● *Kaas is lekker, maar om so baie so vinnig in te prop. . . (Foto: Frik Schoeman)*



● *Hierdie is nie sommer 'n bier-en-braai nie. Miskien 'n Hom-braai?*




● *Hierdie tong krul baie beslis nie van lekkerkry op nie...* *(Foto: Johan Victor)*



● *Met gekleurde hare en geverfde gesigte sorg hulle vir 'n kleurvolle Lentefees. Maar wag tot die skoonmaakproses moet begin...*



● *Ons het lank geoefen maar vir hierdie foto gaan ons die sigarette reg vashou – hou dop!* *(Foto: Johan Victor)*



● *Oom Piet is deel van Karnaval, Intervarsity, en al vereis Lentefees 'n plat-op-die-rug-houding, dra hy sy deel by.* *(Foto: Johan Victor)*



● *Punk is die era wat nou eenmaal maar die skouspelagtigste uitgebeeld kan word, en sorg altyd dat alle nekke verdraai word net om niks van die spektakel te mis nie.* *(Foto: Johan Victor)*

KUNS EN VERMAAK



● Thea Cloete (links) as Madame Roosblaar en André-Jaques van der Merwe as Jonathan in Arthur L. Koplit se Oh Dad, Poor Dad... wat laas week in die Totiussaal opgevoer is.

Foto: Frik Schoeman

## Kyk uit vir . . .

### "The Coal Diamond"

Departement Spraakleer en Drama bied vanaf 19 tot 23 Oktober 'n etensuurprogram aan. Die derdejaars is verantwoordelik vir die produksie van "The Coal Diamond". Kom geniet gerus 'n beker koffie en 'n heerlike hamburger terwyl u self kom uitvind waaroor dié stuk met so 'n interessante naam gaan. Plekbesprekings kan gedoen word by mev H Müller, Hoffmanstraat 4, tussen 08h00 en 13h00.

### "Studentekuns '81"

"Studentekuns 81" is van Woensdag af in die uitstallingslokaal van die Frans du Toit te sien. Tydens dié jaarlikse uitstalling stal die BA(BK)-studente van die PU hulle werk uit. Die uitstalling is tydens kantoorure te sien.

### PU-Kaners is hier

Die PU-Kamers tree Donderdag 22 Oktober om 18h00 in die Ouditorium op.

Die groep bestaan uit agt sangers waarvan ses dames is en twee mans. Die koor word begelei deur 'n vyfman-orkes.

Hulle sing bekende nommers soos Andante, Ob-la-di, Sing vir die Harlekyn, Goodbye to Love en nog bekende ligte liedjies.

### Studio 93 se "Demo 81"

Vrydag- en Saterdagaand bied Studio 93 onder leiding van Ann Fellows "Demo '81" aan. Moenie hierdie program wat iets van alle danssoorte — van klassieke ballet tot moderne Jazz — bied, misloop nie. Kaartjies sal ook by die deure beskikbaar wees.

● Resensie

# Oh Dad, Poor Dad: aanbieding is verbeeldingryk

**Departement Spraakleer en Drama, PU vir CHO, Regie: Gerrit Schoonhoven.**

Dit is by die belewenis van 'n stuk soos dié dat mens weer opnuut wonder in hoeverre die leek in die teaterwêreld in aggeneem word. Dit is ongelukkig so: onbekend maak onbemind.

"Oh dad, Poor dad..." is 'n stuk wat gesien moet word in sy konteks van styl. Dit is geskryf in groteske styl en is juis daarom 'n stuk wat by beide leek en kenner van die teater 'n renons wek wat die inhoud betref.

'n Eksentrieke ma parasiteer op haar seun as deel van haar navolging van 'n neurotiese bewys van mag. Dit word simbolies teruggevind in die pirannavis in 'n visbakkie en venusvlieëvreter wat sy as huislike troeteldingetjies aanhou.

Daar is natuurlik vele interpretasies aan so 'n stuk en juis daarom moet mens jou nie blindstaar teen die oppervlakkige uitbeelding nie. Die dramaturg plaas op die verhoog negatiewe lewens van eksentrisme 'n en perversiteit en laat dit aan die kyker oor om 'n gevolgtrekking te maak. Dié taak word effe vergemaklik deur die regisseur wat niks in dié stuk kondoneer deur dit aanneemliker voor te stel as wat dit is nie.

Die lelike word juis deur groteskheid nog meer veragtelik gemaak.

Gerrit Schoonhoven se regie is besonder verbeeldingryk wat dekor, lig, klank en spel tot kragtige, dinamiese eenheid saamsnoer. Die rekwisiete is amper kubisties in kleure van rooi, geel en groen. Die ma, Madame Roosblaar, is uitstekend gespeel deur Thea Cloete — soms asemrowend, soms afskuwelik.

André-Jacques van der Merwe as Jonathan Roosblaar is oortuigend en simpatiewekkend. Celia Barnard as Rosalinde het geslaag in 'n vertolking wat balans handhaaf tussen onskuld en wulpsheid — wat in die nagmerrietoneel alles behalwe onskuld uitbeeld.

Musiek is sorgvuldig gekies om die atmosfeer van elke betrokke toneel te weerspieël en strek vanaf karnavalklanke na die klassieke; blote wanklanke na 'n tong-in-die-kies uittreksel van "Another one bites the dust". Regie, spel en tegniese versorging was uit die boonste rakke.

Die stuk self het reaksie uitgelok. Die bespreking na elke opvoering het aan elkeen die geleentheid gebied om sy mening te lug. Dit is iets wat beslis in die toekoms 'n instelling gemaak kan word: Die teater se doel is mense aan die dink te sit en nie net bloot vermaak nie.

● Juwele! Rokke!
● Alles vir die hare!
Wat meer wil julle hê?
Kom kry dit by ons!

Santamarkade
Kerkstraat 91
Tel: 24254
Mh
Curiosity Hut

LB SKOENSENTRUM
Pas ontvang —
Mans en dames Hang Ten en Adidas plakkies
Winkel 6 en 7, Indiërsentrum
Tel: 21541

Spesiale afslag vir studente

# Sportvoorstelling aan eerstejaars


**Die Sportraad het 'n kommissie aangestel om 'n program uit te werk waarvolgens volgende jaar se eerstejaars aan Puk-sportklubs voorgestel sal word.**

Alle eerstejaars sal in die Amfiteater vergader waar hulle in drie groepe verdeel sal word. Groep A gaan na die Muurbalbane, skermlokaal, tafeltennisbane en gimnasium. Groep B bly by die Amfiteater waar Judo, Aikido, Karate en stoei vertonings aangebied sal word. Groep C word na die groot sportsaal in die Studentesentrum geneem waar Gimnastiek, Trampolien en pluimbal vertonings gelewer sal word.


Nadat al drie groepe die onderskeie sportsoorte en lokale besoek het sal almal in die Amfiteater vergader waar die onderskeie voorsitters twee minute elk gegun sal word om besonderhede in verband met hul klub te lewer.

Later die aand kry die buitemuurse sportsoorte kans om hulself aan die jare voor te stel. Dit sal in die vorm van 'n skyfievertoning geskied. Die onderskeie voorsitters sal ook 'n geleentheid kry om iets oor hul klubs te sê.

Hierdie program laat meer ruimte as in die verlede. Die eerstejaars kry die geleentheid om persoonlike kontak met die klub en sy voorsitter te maak. Hulle kan dus vrae vra, en sodoende baie meer te wete kom oor die bepaalde sportsoort. Hierdeur word gepoog om 'n hoër mate van sportdeelname te verseker.



*• Die Puk-skermklub het eerste geëindig op die afgelope Suid-Afrikaanse kampioenskappe wat in Potchefstroom aangebied is.*




*• So lyk die Puk muurbalklub se nuwe erekleure embleem. Die embleem is ontwerp deur mnr Hannes van der Walt hoofinstrumentmaker op die Puk.*

# Klubkamer vir Atlete

**Die Atletiek-klub spog met 'n splinternuwe klubkamer wat die tiende Oktober ingewy word. Die klubkamer is in die Fanie du Toit Sportgebou. Die hoofdoel van die kamer is om 'n gesellige bymekaarkomplek vir die atlete daar te stel.**

Na oefening sal die atlete in die klubkamer bymekaar kom om vordering en probleme oor 'n glasie koeldrank te bespreek. Die afrigter sal 'n kans kry om kleiner probleme aan die atlete uit te wys.

Die klubkamer sal ook vir onderig aangewend word. Film en skyfievertonings sal daar aangebied word waartydens die atlete met nuwe tegnieke kennis kan maak. Al die klub se vergaderings sal ook in die klubkamer gehou word.

Fanie van Zijl 'n oud-Srpingbok van die Puk het die finansiële sy van die klub gedek. In die klub sal 'nererol aangebring word waarop alle atlete wat Springbok kleure verwerf se name aangebring sal word. Die klub word verder versier met fotos van oud Springbokke, en plakkate van atletiek.

Mnr Snyman die voorsitter van die atletiek-klub meen dat die klubkamer 'n groot voordeel vir die atlete sal inhou. Atletiek is 'n individuele sportsoort en daar is dus min kontak tussen die lede. Die klubkamer sal groter kontak tussen lede bewerkstellig.



*• Die tandekners,vastrap en kreun van elke Amajuba-toutrekker was die moeite werd - dit het aan hulle 'n eerste plek besorg. (Foto: Johan Victor).*



*• Charl Botes het op die afgelope Suid-Afrikaanse judo kampioenskappe twee brons medaljes verower.*


# EKSAMEN — ONTSPAN

**SWEEF — DIE VOLMAAKTE ONDERVINDING!**

Grasieuse, geruislose sweeftuie gebruik die son se energie in die vorm van lug wat oor die heuwels en berge rol of van konveksionele opstrominge. Inderwaarheid, die half-dor vlaktes van Suidelike Afrika bied die beste konveksionele vliegtoestande ter wêreld.

Beskikbaar vir die eerste keer — voortreflike voltydse fasiliteite met 'n versameling enkel- en tweesitplek sweeftuie in pragtige natuurskoon en uitgestrekte lugruim. WHITE WINGS, Soaring Centre Parys, is op die vliegveld, 'n kort afstand van genoeglike en gasvrye Parys, langs die N1 nasionale pad geleë.

Spandeer 'n naweek of u vakansie onder die wilgers op die walle van die Vaal en kombineer dit met hierdie betowerende en belonende sport in die geselskap van hoogs interessante persone. Enigiets vanaf plesierritte vir die kenner tot deeglike opleiding vir die ambisieuse entoesias kan verskaf word.

Vlieëniers word nie gebore nie! Sweef vereis algehele nuwe vaardighede wat deur beide mans en dames ewewel uitgevoer kan word. Internasionaal-erkende kentekens dui aan toekennings vir prestasies beginnende met "A", "B" en "C". Die "Silwer C" bewys met trots vlugte van vyf ure duurte, 1000 m wen in hoogte en 50 km afstand. Dit word gevolg deur die "Goue C" met die hoogtepunt "Diamante" vir 300 km doelvlug, 5000 m wen in hoogte en 500 km afstand — Ook u kan 'n sweeftuig bemeester!



**WHITE WINGS**
**Soaring Centre Parys**
**Kom of skakel 01601-5988**




# Puk stoot twee spanne in veld vir eerste byeenkoms

**Die eerste Wes Transvaalatletiek byeenkoms vind 14 Oktober op die Kenneth McAthur stadion plaas. Daar sal twee Puk-spanne aan dié byeenkoms deelneem.**

### Beperking

Die Pukspan word volgens die liga beperk tot 20 atlete, maar die Puk het baie meer atlete wat aktief deelneem. Daarom is die klub in twee spanne ingedeel vir die volgende seisoen. Die rede waarom daar twee spanne gekies is, is om kompetisie in die klub self te bewerkstellig, om spangees te bevorder en om 'n noodsaaklike deelname met die oog op Dalrymple aan te spoor. Meer atlete gaan nou die geleentheid kry om punte in te samel vir die klub en hul span. Puk het die vorige seisoen die Wes-Transvaal Atletiek Kampioenskappe gewen.

Die twee spanne is gekies deur mnr Christo Snyman en mnr Hennie Botha, sekretaris van die atletiekklub, wat die onderskeie spanne se bestuurders sal wees.

### Intervarsity

Die jaarlikse Atletiek Intervarsity sal volgende jaar, 5 Maart, in Potchefstroom plaasvind. Volgende jaar sal Wits ook by die byeenkoms betrek word. Die Universiteite wat gaan deelneem is Puk, Kovsies, RAU en Wits.

Die Snyman-span wat op 14 Oktober en 28 Oktober aan byeenkomste gaan deelneem is: Piet Goosen (kaptein), Cilliers Botha, Nollie Meintjies, Jurie van der Walt, Gerald Gray, Tommie Ferreira, André Nel, Johan de Jager, Pieter Kukkuk, Nico Hager, Fanie Campher, Roelie Cronje, Pieter Hoogenboezem, Carel van Rooyen, Frans Landman, Dirk van Rooyen, Robin de Vreya, Leon Serfontein en Sarel Naudé.

### Spanne

Die Snyman-span se dames is: Isabel Campher (kaptein), Leonie Smit, Malrilize Liebenberg, Nanda Barnard, Annette Schneider, Thea Potgieter, Nada Ludick, Gerda van der Merwe en Marlene Harmzen.

Die Botha-span is: Ludwig Myburg, Stefan Greyling, Dries Vorster, (kaptein), Christo Swarts, Fielies Kotze, Gerhard Gibson, Petie Prinsloo, Tim Coetzee, Theo Prinsloo, Hendrik Stoltz, Frikkie Hall, Gerhard Moerdyk, Dirk van der Westhuizen, Jaco Hoogenboezem, Danie Marx, Fanus Botha en Johan Scholtz.

Die dames van die Botha-span is: Petro Fourie (kaptein), Celia Steyn, Christine Bensch, Susan Lion-Cachet, Christine van der Vyver, Barbara Kühn, Magda Venter, Elsie Lubbe, Magriet Yggenhuys, Retha Swart en Elda Fouché.



● *Alfons Meyer is besig om te kolf vir Puk I*

# Puk leef swaar teen V Reefs

— Lynette Pretorius —

**Puk het swak gevaar in die eerste beurt van hul wedstryd teen Vaal Reefs en het uitskeityd 64 lopies vir 6 op die telbord gehad.**

Die Pukke wen die loot en Kaptein Tinus Els, laat Vaal Reefs eerste kolf. Vroeg in die wedstryd was hul totaal 70 lopies vir 1, maar George Moorcroft vat 3 paaltjies vir 49 lopies en Jan Heystek 4 paaltjies vir 12 lopies om die besoekers almal uit te haal vir 181 lopies.

Die Pukke het sleg gevaar voor die penne en vroeg in die wedstryd was die telling 20 lopies vir 6 paaltjies. George Moorcroft en Pierre Schmidt vaar egter beter en met uitskeityd was die telling op die telbord 64 vir 6. Die beurt sal volgende week voortgesit word.

Puk II die Leeus, het Saterdag Blyvoortuizicht almal uitgehaal vir 150 lopies.

Willem Coetzee vat 4 paaltjies vir 35, Francois van Heerden vat 3 paaltjies vir 18 lopies en Johan du Plessis vat 2 paaltjies vir 49 lopies vir die Leeus.

Met uitskeityd was die Leeus nog voor die penne met die totaal op 115 vir 6. Hiervan behaal Jan Nell 50 lopies en Willem Coetzee 34 lopies.

# *Gimnaste ontvang Trofeë*



● *Ronelle Marais het die Balk en damesbrug trofee verower. Sy het dwarsdeur die jaar die hoogste gemiddeld op die twee apparate gehandhaaf.*

Die Gimnastiek-klub het verlede Woensdag trofeë toegeken. 'n Trofee vir die beste gimnas en beste mansgimnas is toegeken, asook 'n trofee vir die dame met die hoogste gemiddelde punt deur die jaar op die balk en damesbrug. Daar is ook 'n trofee toegeken vir die man met die hoogste gemiddelde punt deur die jaar op die brug, beulperd en vloer.

Die Sparno trofee vir die beste vrouegimnas van die jaar is deur Mariaan Kritzinger verower. Die Sparno trofee vir die beste mansgimnas van die jaar is deur Fanus Botha verower. Hierdie trofeë word toegeken op grond van prestasies op Suid-Afrikaanse kampioenskappe, Suid-Afrikaanse Universiteite kampioenskappe en Intervarsity.

Mariaan het op al haar kompetisies 'n gemiddelde punt van agt plus gehandhaaf, wat 'n uitstekende prestasie is. Fanus is die algehele oorwinnaar van Wes-Transvaal, Suid-Afrikaanse kampioenskappe en SAU.

Die Balk en Brug vrouetrofee is 'n skaalmodel van 'n dames balk en is gemaak deur die Tegniese Departement van die Puk. Die wenner van die trofeë is Ronelle Marius wat dwarsdeur die jaar die hoogste punte op die twee apparate verkry het.

Tinus Snyman het die mans Brug, beul en vloer trofeë ontvang. Tinus het ook 'n uitstekende gemiddeld op die apparaat gehandhaaf.

# Grootste skietbaan in Wes-Tvl

— Riana Naude —

**Die Praktiese Pistoolskietklub beoog om 'n skietbaan te laat bou wat die grootste en modernste in Wes-Transvaal gaan wees.**

Twee bane gaan gebou word, een vir standaard oefening en die ander vir spoedskietoefeninge. Die bane sal opgerig word in samewerking met die Puk se Tegniese Dienste.

Die bane sal 35 meter wyd wees en 60 meter lank, want die maksimum afstand wat geskiet kan word is 50 meter. Die bane is sover uit die dorp uit gebou, omdat hullé buite die munisipale gebied moet wees, en verder moet daar 'n 1 000 meter skootvlak agter die baan wees. Daar word ook beplan om elektroniese beheerde skyframe op te rig.


Die baan sal opgerig word teen 'n koste van nagenoeg R1800. Die moontlikheid bestaan dat elke derde Wes-Transvaalse liga daar aangebied sal kan word.

Die klub bestaan uit 53 lede wat ook van die baan gebruik sal maak.

PUK

DIE TRUST BANK

se bestuurder ken studente. Sy deur staan altyd vir jou oop.
Wanneer jy dus 'n af-periode het en op die Bult is, kom loer gerus in vir 'n geld-geselsie. Dit kan dalk die winsgewendste periode wees wat jy nog deurgebring het.
Onthou ons is weekdae van 08h00 tot 16h30 oop (Woensdae ook!) en Saterdae van 08h00 tot 11h30.
Inloma-gebou, Esselenstraat 9, Potchefstroom.




Daar wag 'n nuwe wêreld vir u by Die Trust Bank

# Kort Sport

### ● Krieket

Dorp wen die eerste beurt in hul wedstryd teen Over de Voor met 170 lopies vir 8 paaltjies. Overs behaal 166 lopies vir 7 paaltjies, waarvan D van Wyk 59 lopies aanteken.

Hombré behaal 118 lopies vir 5 in hul wedstryd teen Klooster-Amajuba wat almal uitgehaal is vir 54 lopies. Syd Eckley teken 52 lopies van Hombré se wen lopies aan. Vir Amajuba-Klooster vat D Linde 4 paaltjies vir 30 lopies en K Joubert 5 paaltjies vir 14 lopies.

Caput haal Villagers in hul wedstryd almal uit vir 81 lopies en wen met 116 lopies vir 9 paaltjies. Vir Villagers vat R van der Merse 3 paaltjies vir 21 lopies en J van Wyk 4 paaltjies vir 43 lopies. C Botha en J van Wyk teken byde 27 lopies elk vir Caput aan en E Kruger vat 3 paaltjies vir 16 lopies.

Dawie Dup wen hul wedstryd teen Vaal Reefs met hul totaal op 93 almal uit en Vaal Reefs is almal uit vir 78 lopies.

### ● Judo

Die Puk-Judoklub het uitstekend presteer tydens die afgelope Suid-Afrikaanse kampioenskappe. Die kampioenskappe het plaasgevind op die Johannesburgse skougronde, die negende Oktober.

Daar was geen spankompetisies nie, maar wel individuele inskrywings. Bennie Wheeler het 'n goue medalje in gewigsgroep 71 kg verower. Charl Botes het twee brons medaljes gewen, die een in die gewigsgroep 78 kg en die ander in die ope inskrywing.

Corrie Pretorius, Arno Strydom en Karen Rautenbach het aldrie 'n bronsmedalje verower.

### ● Trapkar

Die PU Trapkarklub bied op 17 April 1982 die Safuis trapkarwedren op die Puk aan. Die klub se begroting vir 1982 is R4488 en R4600 (1981 verbetering van die baan, uit hierdie jaar se begroting).

### ● Golf

Die Puk se Golfspan het deelgeneem aan 'n driehoekige kompetisie te Bloemfontein. Die Puk verloor die kompetisie 2-6 teen Kovsies.

### ● Skerm

Die Skermklub het 10 Oktober aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe deelgeneem wat in Potchefstroom aangebied is. In die mansfloret en die damesfloret wat aangebied is het Puk en Wits deelgeneem. Die uitslag was soos volg:

Mansfloret

Van eerste tot sewende was Wynand van Rooyen (Puk), Thys Kühn (Puk), Francois du Toit (Puk), Danie Labuschagne (Puk), Jaco du Plessis (Puk), Tinus Ling (Wits) en Willem du Rand (Puk).

Damesfloret

Eerste was Marguerite Langton (Wits), tweede Reinet Verster (Puk), derde Retha Niemand (Puk) en vierde was Anette Pretorius van Puk.